

## Versamelstuk

**BENODIGDHEDE:** *Omega Nr. 8-hekelgare (50-g-bolle); ongeveer 50 g; hekelpen van 1,25 mm.*

**MATE:** *Ongeveer 30 x 40 cm.*

**AFKORTINGS:** *gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb –langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spasie(s); blk(s) – blokkie(s); vlg – volgende; herh – herhaal.*
**Spasie:** 1lb om te begin; * 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb om sp te voltooi.
**Blokkie:** 1lb om te begin; *1lb in elk van vlg 2 ste of vlg sp, 1lb om blk te voltooi.

**AANWYSINGS:** Begin met 55ks, draai en plaas 1e lb in 4e ks vanaf hekelpen. Raadpleeg diagram vanaf lyn A-B en voltooi 1e ry van 17 blks.

Volg diagram noukeurig en voltooi filetovaal.

Die roosboompie en mandjie word verder versier met afsonderlik gehekelde rosies, 5 grotes en 3 kleineres.

**GROOT ROOS:** Begin met 3ks, gs in 1e ks om ringetjie te vorm.
**1e rondte:** 5ks (=1lb plus 2ks); (1lb in ring, 2ks) 4 keer, maar eindig laaste herh 1htr in 3e van 5ks i.p.v. met 2ks, om rondte te voltooi en in middel van 'n sp te eindig.
**2e rondte:** (1kb, 1hlb, 3lb, 1hlb, 1kb) in elke 2ks-sp.
**3e rondte:** *1kb in 1b van **eerste** rondte, 3ks; herh vanaf * rondom.
**4e rondte:** (1kb, 1 hlb, 5lb, 1hlb, 1kb) in elke 3ks-sp.
**5e rondte:** *1kb in kb van 3e rondte, 4ks; herh rondom.
**6e rondte:** (1kb, 1hlb, 7lb, 1hlb, 1kb) in elke 4ks-sp rondom.

Hekel nog 4 sulke rose.

**KLEIN ROOS:** Soos eerste 4 rondtes van groot roos.

Hekel nog 2 sulke rose.

**AFWERKING:** Werk die 5 groot rose aan filetrose van roosboom vas, en die 3 kleineres bo-aan filetmandjie, soos op illustrasie gesien kan word. ●

# 'N BESONDERSE BLOMMEMEISIE

